education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 11**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**TYD: 2 UUR**

**TOTAAL: 70 PUNTE**

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 11** **JUNIE 2018**

**VRAESTEL 1: NASIENRIGLYNE**

## AFDELING A: LEESBEGRIP
**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

**VRAAG 1: ARTIKEL EN VISUELE TEKS**
**VRAE: TEKS A**

**(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)**

| Vraag | Antwoord | Denk-vlak | Punt |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Slim kinders moet aktief wees.✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 1.2 | As hulle ’n swak spiertonus het.✓<br>Elektroniese speletjies. ✓ | 2 | (2) |
| | | | |
| 1.3 | Dit leer kinders ruimtelike oriëntasie. ✓<br>Hulle sal sukkel om take uit te voer.✓<br>Die beste metode van leer, is speel.✓ | 2 | (3) |
| | | | |
| 1.4 | Hulle moet ’n sportsoort kry wat by hul kind se persoonlikheid pas.✓<br>’n Alternatief sal wees om prettige goed (klouterraam, trampolien of swaaitennis) by die huis te doen.✓ | 3 | (2) |
| | | | |
| 1.5 | Hy wil ouers waarsku dat hul kinders moontlik kan uitbrand.✓<br>Ek sal simpatie met hulle hê, want hulle word dikwels gedruk | 3 | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | deur hulle ouers/ouers het te hoë verwagtinge van hul kinders.✓<br>Ouers moet leer dat 'n kind nie misluk het as hy nie 'n vaardigheid bemeester het nie./'n Kind is nog net so spesiaal soos wat hy was.✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan vir EEN punt.* | 5<br>5 | (1)<br>(1) |
| | | | |
| 1.6 | Indien 'n kind vir 'n jaar volhou met 'n sportsoort leer die kind deursettingsvermoë aan.✓<br>*Die kandidaat moet die verband aantoon om die punt te verdien.* | 3 | (1) |
| | | | |
| 1.7 | Verweerkunssportsoorte ✓bv. Karate of judo✓ | 1 | (2) |
| | | | |
| 1.8 | Hulle albei stem saam dat 'n lae spiertonus/swak stabiliserende spiere die oorsaak is van kinders wat sukkel om te vorder op skool.✓<br>Hulle is beide kenners/werk met sulke kinders, want Lizette is 'n graad een onderwyseres en Brigdget is 'n spesialis in neuro-ontwikkelingsterapie.✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 3 | (2) |
| | | | |
| 1.9 | Die spiere gou moeg ✓<br>Die kind sukkel om stil te sit en konsentreer. ✓<br>Die oorwerkte mobiliserende spiere word styf en kan nek- en hoofpyn veroorsaak. ✓<br>Dit beïnvloed hul selfvertroue ✓<br>Intelligente kinders kan nie hul volle potensiaal bereik nie.✓<br>*Die kandidaat bied 'n enige VIER redes aan vir een punt elk.* | 2 | (4) |
| | | | |
| 1.10 | Fyn motoriese vaardighede ✓soos inkleur en knip.✓ | 3 | (2) |
| | | | |
| | Akademie<br>• dit is die primêre doel van die skool ✓<br>• die plek is waar die fondament vir suksesvolle, naskoolse akademiese prestasie gelê word. ✓<br>OF<br>Sport<br>• baie van die sosiale probleme sal verbeter. ✓<br>• Die sosiale voordele/lewenslesse wat kinders in sport leer, sal hulle tot in hul volwasse lewe bybly, ✓<br>• Dit sal keer dat hulle by bendes betrokke raak en in misdaad verval.✓<br>*Die kandidaat bied soortgelyke antwoorde aan vir een punt vir elke rede.* | 5 | (2) |

**VRAE: TEKS B**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.12 | SA kinders is onfiks.✓<br>EN<br>Dit is ironies, want ’n mens verwag dat, as hy Wimbledontennis gewen het, is hy fiks en ’n goeie tennisspeler, maar hy is juis die teenoorgestelde/onfiks/speel net rekenaarspeletjies ens.✓✓<br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord aan, maar moet albei dele noem om die twee punte te verdien.Of 2 of 0 punte.* | 1<br><br><br>3 | (1)<br><br><br>(2) |
| | | | |
| 1.13 | Tieners is lui/onaktief/hou van elektroniese speletjies/morsig/jok maklik (enige een) ✓<br>Hy sit met sy voete op die stoelbankie/bordjie met mes op die tafel/vertel vir sy ma dat hy wel ‘’oefen’’.✓ | 4 | (2) |

**VRAE: TEKS A EN B**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.14 | In teks A moet elektroniese speletjies weggepak/kinders meer aktief raak en in teks B word dit visueel uitgebeeld, want die seun<br>Is besig om op ‘n elektroniese speletjie te speel en is hy onaktief.✓<br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord aan.* | 2 | (1) |
| | | | [30] |
| | | | |
| | **TOTAAL VAN AFDELING A: 30** | | |

| | **BARRETT SE TAKSONOMIE** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **%** | **40%** | | **40%** | **20%** | |
| **Aantal punte** | 4 | 8 | 12 | 2 | 4 |
| **Totaal** | **12** | | **12** | **6** | |

**AFDELING B**
**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.

Punte word soos volg toegeken:

○ 7 punte vir 7 feite (1 punt per hoofgedagte)
○ 3 punte vir taal
○ Puntetotaal: 10

Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat nie woordeliks aanhaal nie:
○ 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
○ 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
○ 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:

o 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
o 1–5 aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
    - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
    - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
    - Indien die getal woorde oorskry is, lees tot aan die einde van die sin waarin die 90 woorde voorkom en ignoreer die res van die opsomming.
    - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**‘n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende bewoording insluit:**

Verander ’n negatiewe lewensuitkyk in ‘n positiewe een.√ Bemoedig jouself met positiewe selfspraak. √ Plaas jouself tydens besluitneming in jou rolmodel se situasie. √ Beskou probleme as geleenthede waaruit jy kan leer. √ Lag genoeg/gereeld/dikwels, want dit stel endorfiene vry wat jou laat goed voel. √ Omring jou met positiewe vriende√ Laat staan jou perfeksionisme sodat jy elke dag voluit kan leef. √ 62 woorde

| **KRY JOU SELFVERTROUE TERUG!** | | | |
|---|---|---|---|
| | **AANHALING UIT TEKS** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** |
| 1. | *Verruil ‘n negatiewe lewensuitkyk vir ‘n positiewe een.* | 1. | Verander ’n negatiewe lewensuitkyk in ‘n positiewe een. |
| 2. | *Vertel jouself hoe bekwaam, georganiseerd, intelligent, uniek en aantreklik jy is.* | 2. | Bemoedig jouself met positiewe selfspraak. |
| 3. | *Wanneer jy nie genoeg vertroue in jou eie besluitnemingsvermoë het nie, dink aan dié rolmodel en stel jou voor wat hy in daardie situasie sou doen.* | 3. | Plaas jouself tydens besluitneming in jou rolmodel se situasie. |
| 4. | *Moenie ontmoedig word deur foute en problem nie./ Beskou foute en probleme as geleenthede.* | 4. | Beskou probleme as geleenthede waaruit jy kan leer. |
| 5. | *Lag is boonop goeie medisyne omdat dit endorfiene vrystel wat jou laat goed voel.* | 5. | Lag genoeg/gereeld/dikwels, want dit stel endorfiene vry wat jou laat goed voel. |
| 6. | *Omring jou met mense wat jou selfvertroue aanhelp.* | 6. | Omring jou met positiewe mense/vriende en kennisse wat jou goed laat voel. |
| 7. | *Jy mag dalk wonderlik wees, maar jy is nie perfek nie – aanvaar dit. Lewe elke dag ten volle.* | 7. | Laat staan jou perfeksionisme (en begin leef)/aanvaar dat jy nie perfek is nie. |
| | | | **Getal woorde: 58** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Afrikaans moet gevier word/daar moet fees gevier word oor die bestaan van Afrikaans.✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan. Binne konteks van die advertensie moet daar verwys word na Afrikaans ook.* | 4 | (1) |
| | | | |
| 3.2 | Samestelling/verbinding met 'n syfer/getal✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 3.3 | lief✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 3.4 | ontronding✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 3.5 | hierdie✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 3.6 | hof✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 3.7.1 | Dit bestaan uit twee stamme (en 'n verbindingsklank)✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 3.7.2 | Wêreldberoemd/wêreldwyd/wêreldkaart/wêreldburger.✓<br>*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan waarin wêreld die eerste deel van die samestelling vorm.* | 3 | (1) |
| | | | |
| 3.8 | Die vonkelwyn/glasies wat geklink word.✓ | 4 | (1) |
| | | | |
| 3.9 | Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging✓<br>*Die antwoord moet korrek gespel word om die punt te verdien.* | 1 | (1) |
| | | | **[10]** |

| | **BLOOM SE TAKSONOMIE** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| **%** | **40%** | | **40%** | **20%** | | |
| **Aantal punte** | 2 | 2 | 4 | 2 | | |
| **Totaal** | **4** | | **4** | **2** | | |

**VRAAG 4**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Vokaal/klinker✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 4.2 | Dit is 'n onvoltooide gedagte/die leser moet self dink wat hy wou gesê het nl. dat Doekvoet nie 'n brein het nie/dom is.✓<br>*Kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord <u>binne konteks</u> aan vir een punt.* | 3 | (1) |
| | | | |
| 4.3 | Bywoord van tyd✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 4.4 | Reseppies✓ | | |
| | | | |
| 4.5 | Koppelwerkwoord✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 4.6 | Neelsie het gesê dat hy daardie dag baie van Meneer se hemp en das gehou het.✓ | 6 | (1) |
| | | | |
| 4.7 | splinternuwe✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 4.8 | s'n✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 4.9 | Tans/deesdae/hedendaags/huidig✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 4.10 | Neelsie dink dat Meneer baie oud is.✓ | 4 | (1) |

**[10]**

| | **BLOOM SE TAKSONOMIE** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| **%** | **40%** | | **40%** | **20%** | | |
| **Aantal punte** | 2 | 2 | 4 | 1 | | 1 |
| **Totaal** | **4** | | **4** | **2** | | |

**VRAAG 5**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Die wêreld is oneindig (deur sosiale media) verryk.✓ | 6 | (1) |
| | | | |
| 5.2 | Bepaalde rangtelwoord✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 5.3 | (Om) voor (te) berei✓ | 3 | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 5.4 | Daarvan✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 5.5 | Jou denke bepaal jou gesindheid./Die seun het ’n hoë dunk van homself. | 3 | (1) |
| | | | |
| 5.6 | kommerwekkend✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 5.7 | ... steek✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 5.8 | Moeilik/ingewikkeld/kompleks✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 5.9 | Dit dui verlede tyd /handeling aan.✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 5.10 | Die *maar* in die tweede geval is nie ’n voegwoord nie/is ’n bywoord en die komma kom net voor *maar* indien dit ’n voegwoord is.✓ | 4 | (1) |

**[10]**

| | **BLOOM SE TAKSONOMIE** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| **%** | **40%** | | **40%** | **20%** | | |
| **Aantal punte** | 1 | 3 | 4 | 1 | | 1 |
| **Totaal** | **4** | | **4** | **2** | | |

**TOTAAL VAN AFDELING C: 30**

**TOTAAL VAN VRAESTEL: 70**